## Lesing 16.06.2018 - DEEL 30 - Die belofte van alle Verbonde - DIE GEES

### Die eerste twee soorte louteringsvure

GJE BOEK 8: HFS 185 Daarop staan **die herbergier**, die vader van Kado, op en sê: "O Meester en Leraar, hoe sal dit daar lyk in die tyd, waarvan U gesê het dat die mens dan vóór U wederkoms deur vuur gelouter sal word, en **wat se vuur** sal dit dan wees?"

[2] **Ek** sê: "Ja, vriend, die vuur sal groot en algemene **nood, ellende en droefnis** wees, van `n groter omvang as wat die aarde ooit gesien het. **Die geloof sal uitdoof** en **die liefde verkil**, en alle arm geslagte sal kla en verkwyn, maar tog sal die grotes en magtiges en die konings van hierdie wêreld die smekendes nie help nie, vanweë hulle groot **hoogmoed** en daardeur ook vanweë `n groot **hardheid** van hulle harte!

[3] So sal die een volk ook teen die ander opstaan en mekaar met **vuurwapens** te lyf gaan. Daardeur sal die heersers in **groot skuld** raak, wat nie afgelos kan word nie en hulle onderdane kwel met onmoontlike **hoë belastings**. Daardeur sal daar buitensporige duurte, **hongersnood**, baie kwaadaardige en besmetlike **siektes** en **epidemies** onder die **mense**, die **diere**, en selfs die **plante** ontstaan!

[4] Ook sal daar hewige **storms** op die vasteland en op see wees, en **aardbewings**, en die see sal op baie plekke **buite haar oewers** tree, en dan sal die mens in groot vrees en angs raak vanweë die dinge wat dan oor die aarde sal kom!

[5] Dit sal alles toegelaat word om die mens af te keer van hulle **hoogmoed en hulle selfsug en hulle groot traagheid**. Die grotes en diegene wat hulle magtig waan, sal met kwelling getugtig word en sal daardeur genoodsaak wees om in aksie te kom, om van die kwelling bevry te raak.

[6] En kyk, dit is die **éérste soort vuur**, waardeur die mens voor My wederkoms gelouter sal word.

[7] In dieselfde tyd sal die **natuurlike vuur* (***Elektrisiteit)* egter ook `n rol van geweldige belang speel. Die vuur sal op alle seë die **skepe** met `n snelheid groter as die van die wind voortdrywe; ook sal die mens met hulle skerp verstand **ystervoertuie en weë** maak, en in plaas van trekdiere sal **vuur voor die waens** ingespan word en met die groot krag daarvan vinniger as `n afgeskiete pyl ver oor die aarde wegsnel.

[8] So sal hulle ook weet om die **bliksem te bedwing** en dit maak tot die snelste oorbringer van hulle wense en hulle wil **van die een uiteinde van die aarde na die ander**. En as hulle, die trotse en hebsugtige konings, oorlog met mekaar sal voer, sal die **vuur** daarby ook `n baie beslissende rol te speel kry; want deur die groot krag daarvan sal daar **ystermassas** in die vorm van `n **koeël** met `n groot gewig met die snelheid van `n bliksem na die vyand, die stede en vestings geslinger word en **groot verwoesting** aanrig.

[9] En die vindingryke mense sal dit met hierdie wapens sovêr drywe dat daar dan weldra geen enkele volk meer `n oorlog teen die ander sal kan begin nie. Want as twee volkere mekaar met sulke wapens aanval, **dan sal hulle mekaar ook maklik en vinnig tot die laaste man uitroei**, wat beslis vir geen van beide `n egte oorwinning en wins sal oplewer nie. Dit sal die konings en hulle leëraanvoerders spoedig insien en daarom sal hulle mekaar liewer in vrede en goeie vriendskap verdra; en as daar êrens `n baie trotse en eersugtige rusverstoorder sal opstaan en sy buurman sal aanval, dan sal die vredeliewendes hulle verenig en hom tugtig. En op die manier sal dan ook die ou vrede onder die volkere van die aarde langsamerhand aanbreek en dit duursaam vestig.

[10] As `n mens vanaf **My huidige aanwesigheid** byna **agtienhonderd-en-negentig (1890)** jare sal tel, sal daar op aarde bykans geen oorlog meer wees nie en ongeveer in die tyd sal My persoonlike koms ook op hierdie aarde plaasvind en die grootste loutering van die mens `n aanvang neem. [1890 + 28 = 1918]

[11] Weliswaar sal daar onder die **minder beskaafde volkere** van die aarde nog oorloë voorkom, maar dit sal ook weldra by hulle tot die onmoontlikhede behoort. **Ek sal hulle met behulp van my regverdige en magtige konings en leëraanvoerders** in die noute drywe en My lig onder hulle laat uitstort, en ook hulle sal dan in vreedsame volkere verander word, wat die lig toegedaan is.

[12] Kyk, dit is die **tweede soort vuur**, waardeur die mens gelouter sal word!"

### Die derde en vierde louteringsvuur

186 (**Die Meester**:) `n **Derde soort vuur** sal daarin bestaan dat Ek enkele **honderde jare daarvóór** steeds helderder verligte **sieners, profete en knegte** sal opwek, wat in My Naam die volkere oor die hele wêreld ewe helder en duidelik oor alles sal onderrig en sodoende sal bevry van allerlei leuens en bedrog. Hierdie leuens en bedrog sal deur die toedoen van **valse profete en priesters**, selfs in My Naam, die weg baan vir hulle eie ondergang - en daarmee sal hulle binne `n kort tydjie begin om boos te raak, en hier en daar het hulle in My huidige tyd al daarmee begin.

[2] Hulle sal net soos die heidense priesters **valse tekens en wonderwerke** doen en sal baie mense **verlei**, waarby hulle hulself groot aardse skatte, rykdomme, mag en groot aansien sal besorg; maar deur **die derde vuur** en die baie helder lig daarvan sal hulle alles kwytraak en volledig ten gronde geoordeel

word. En die konings en vorste wat hulle wil help, sal daarby al hulle mag, hulle vermoë en hulle trone kwytraak; want **Ek sal My konings en leëraanvoerders teen hulle opwek** en hulle die oorwinning skenk, en so sal die ou nag van die hel en van haar boodskappers onder die mense op aarde ten einde loop.

[3] Net soos hierdie nag nou bestaan in die heidense, blinde en sinnelose **seremonies**, wat mense **godsdiens** noem, sal dit ook in die tye bestaan, maar deur die **derde soort vuur uit die hemele** geheel en al verwoes en vernietig word! Want die leuen sal net so min in staat wees om die stryd met die lig van die waarheid uit die hemele seëvierend te deurstaan as die natuurlike nag die hoof kan bied aan die opgegane son! Hulle moet na hulle duistere gate en dieptes vlug, en as hulle eenmaal in die lig staan, sal hulle die nag nie meer gaan opsoek nie.

[4] Ek het julle nou die **derde soort vuur** getoon, wat `n uitermatige vernietigende effek op die duisternis van die mens sal hê, en so sal Ek julle ook nog `n **vierde soort vuur** toon, waardeur die aarde**, die mens en alle skepsele** by My tweede koms gesuiwer moet word; die soort vuur sal bestaan uit allerlei soorte **groot natuurlike omwentelinge van die aarde**, en wel veral op die plekke op die aarde waar die mens te groot en **pragtige stede gebou** sal hê, waarin die grootste **hoogmoed, liefdeloosheid, slegte sedes, valse regspraak, mag, aansien, traagheid** en tewens die grootste **armoede** en allerlei **nood** en **ellende** sal heers, veroorsaak deur die sterk uitgegroeide **epikurisme** van die grotes en magtiges.

[5] In sulke stede sal uit buitensporige winsbejag ook op baie groot skaal **allerlei fabrieke** gebou word, en daar sal, in plaas van mensehande, **vuur en water** die werk doen, saam met duisende soorte **kunstige, van metaal vervaardigde masjiene**. Die verhitting sal gebeur deur middel van die **oerou kole** uit die aarde, wat die mens in die tyd in buitengewoon groot hoeveelhede uit die dieptes van die aarde sal delf.

[6] Wanneer `n dergelike bedrywigheid deur die geweld van die vuur eenmaal sy hoogste punt sal bereik het, sal die **aardse lug** op sulke plekke op aarde ook te sterk versadig raak met **brandbare etersoorte**, en die sal weldra hier en daar ontbrand en **sulke stede** en gebiede saam met hulle baie bewoners **in puin en as verander**; en dit sal dan ook `n groot en effektiewe loutering wees. Maar wat die vuur wat op hierdie manier voortgebring word, nie sal bereik nie, dit sal **allerlei soorte groot storms op aarde** bereik, toestande daar waar dit nodig sal wees; want **sonder noodsaak** sal daar niks verbrand en vernietig word nie.

[7] Daardeur sal die lug op aarde dan ook bevry word van haar bose dampe en natuurgeeste, wat `n seënryke invloed sal hê op alle ander skepsele op aarde en wat ook die **natuurlike gesondheid** van die mens ten goede sal kom, deurdat al die baie **kwaadaardige liggaamlike siektes** sal ophou om te bestaan en die mens `n gesonde, kragtige en hoë leeftyd sal kan bereik.

[8] Omdat die aldus gelouterde mens in **My lig** sal staan en vir altyd die **gebooie van die liefde** van binne uit en waaragtig in ag sal neem, sal die aardse grondbesit ook so verdeel wees onder die mense dat **elkeen soveel sal hê** dat hy met die korrekte vlyt nooit nood sal hoef te ly nie. Die **voorgangers** van die gemeentes en ook die **konings** sal geheel en al **My wil** en lig volg en daarvoor sorg dat daar nooit in `n land enige gebrek by `n volk sal ontstaan nie. En Ek self sal nou eens hier en dan weer daar die mens besoek en hulle versterk en oprig, daar waar die mens `n baie **sterk verlange na My en die meeste liefde vir My sal hê.**

[9] Daarmee het julle nou vir julle Grieke `n goed begrepe antwoord op jou vraag. Dit is weliswaar `n voorspelling vir nog **`n taamlike vêraf liggende toekoms,** maar dit sal nie onvervuld bly nie; want alles kan eerder gaan, selfs hierdie aarde en die hele sigbare hemel, **as dat één van My woorde en beloftes onvervuld sou bly. - Het julle dit nou goed begryp?"**

## Die voorwaardes vir die wederkoms van die Meester

**HFS 187: [3]** Die **ou herbergier** sê: Maar aangesien U nou al so barmhartig was om ons al vooraf as `n vasstaande feit mee te deel dat U **nog `n tweede keer persoonlik en vir goed** na die mens op hierdie aarde sal kom, kan U ons tog ook nog sê, **waar op aarde** U na die mens toe sal kom! Hoe sal die **land**, die **plek** en die gelukkige **volk** heet?"

[4] **Ek** (**JaHshua**) sê: "Vriend, op hierdie vraag van jou kan Ek jou nou geen antwoord gee wat julle sou begryp nie, want in die tyd sal daar baie **nuwe plekke, lande en volkere ontstaan,** wat nou nog geen naam het nie; maar dat Ek slegs in `n sodanige land en op `n sodanige plek weer na die aarde toe sal kom, **waaronder die mens nog die meeste en mees lewende geloof en die meeste en mees waaragtige liefde tot Elohim en die naaste sal bestaan, dit kan julle as baie seker en volledig waar aanneem en glo**.

[5] Maar wanneer Ek kom, **sal Ek nie alleen** kom nie, maar al die wat Myne is, wat reeds lank in My hemelryk by My sal wees, sal in groot skares saam met My hulle broeders, wat nog op aarde in die vlees lewe, kom versterk; en so sal daar `n **ware gemeenskap bestaan tussen die reeds salige geeste van die hemele en die mense van hierdie aarde**, wat die mense, wat in dié tyd lewe, werklik tot baie groot troos sal wees.